# Hoe leef ek 'n *goeie* en *mooi* lewe?



TEKS – MATTEUS 5:22

*Maar Ek sê vir julle: "Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank. Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir 'n gek, is strafbaar voor die Joodse Raad; en wie hom uitskel vir 'n idioot, is strafbaar met die helse vuur."*

## LEERPLAN

### DIE MOOI EN GOEIE LEWE – 'N LEWE VRY VAN WOEDE

- Jesus het gekom dat ons die lewe in oorvloed kan hê. Deel met die ander hoe die HERE jou lewe verander het oor die jare om meer van hierdie oorvloed te geniet.
- Tydens die diens is genoem dat vreugde en vrede lynreg staan teenoor woede en kwaadwees. Stem jy saam?
- Dink aan 'n insident of twee waar jy baie kwaad was. Probeer ontleed wat jou innerlike narratief (storie) was op daardie stadium. Hoe het jy jouself regverdig? Hoe, het jy gedink, sal jou humeur dinge regmaak?
- Met die voordeel van 20/20 visie in die terugblik, hoe sou die Jesus-narratief geklink het in bogenoemde situasie? Wat sou die beter manier wees van dink en reageer, volgens Jesus?
- Was daar ooit 'n tyd in jou lewe toe jou gebede geklink het soos: "Laat my naam geëer word, laat my koninkryk vandag kom en laat my wil asb geskied?". Kan jy die waarde sien daarvan om elke dag te bid: "Ons Vader wat in die hemel is, laat U Naam geheilig word, laat U Koninkryk kom, en laat U wil geskied."
- Gesels oor 'n rusdag per week. Kry jy dit reg? Is dit moontlik? Hoe moet so 'n dag lyk? Wat is die voordele hiervan vir jou? Kyk of jy die verband kan sien tussen die Rusdag en minder woede.

